

Omsend 1

Geagte Ouers

Die volgende sake vir u aandag:

1 UITSLAE 2010

Die matrieks van 2010 het weereens geslaag met 'n 100% slaagsyfer. Al 15 matrieks het geslaag met kollege- of universiteitstoelating, wat voorwaar 'n groot prestasie is. Baie geluk aan Louise Veldsman wat met 'n gemiddelde A geslaag het.

Die res van die skool (graad 1 – 11) se slaagsyfer was 97.2%.

Baie geluk aan al ons leerders en baie dankie aan my personeel wat altyd baie hard werk sodat ons leerders so mooi kan presteer.

2 PERSONEEL

Mnr Jean Steenkamp is aangestel in die plek van mnr Baker-Effendi. Ons wens hom baie sterkte toe vir die groot taak wat op hom wag. Die res van die personeel is onveranderd en almal is op hul pos.

3 ATLETIEKBYEENKOMS

Donderdag, 27 Januarie 2011, is ons jaarlikse kleure-atletiekbyeenkoms. Ons wil alle ouers uitnooi om asseblief betrokke te raak by die dag. Ons benodig ouers om as beamptes op te tree, asook ouers om te help met die verkope. Kontak asseblief die skool indien u bereid is om te help.

4 LEERDERDISSCIPLINE

'n Netjiese voorkoms en die korrekte skooldrag is die basis vir goeie dissipline. Ouers moet ons asseblief met die volgende help:

- Leerders moet die huis met die korrekte skooldrag verlaat.
- Sien asseblief toe dat skooldrag skoon en netjies is.
- Maak seker dat leerders se hare gekam is en dat die groter seuns geskeer het.
- Leerders moet na en van die skool ook netjies vertoon.
- Skool tasse moet stewig met afskortings wees en moet donkerblou of swart wees.
- Geen graffiti mag op die tasse aangebring word nie.
- Sorg asseblief dat leerders altyd betyds by die skool is.

5. DETENSIE

Detensie sal plaasvind op Vrydae na skool vanaf 13:00 tot 14:30. U sal vooraf ingelig word indien u kind detensie moet sit. Ouers is self verantwoordelik om vervoer vir hulle kinders te tref. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om ons hand in die saak te sterk sodat ons die nodige dissipline kan toepas.

6 **SKOOLURE**

Die skool sal vanjaar weer gedurende die Wintermaande om 08:00 begin. Ons sal in 'n volgende omsendbrief, nader aan die tyd, meer inligting aan u deurgee.

7 **TOETSE / TAKE / HUISWERK**

Taak- en toetsdatums sal lank voor die tyd aan leerders gegee word. Help asseblief u kind sodat hy/sy deeglik sal beplan.

Die kinders glo dat huiswerk net uit skriftelike werk bestaan. Dit is egter nie die geval nie aangesien hulle ook daaglik leerwerk kry om te doen. Kinders jok as hulle vertel dat hulle nie huiswerk het nie. Kontak gerus die onderwysers.

8 **FINANSIES**

Ons doen 'n beroep op ouers om nie agter te raak met skoolgeld nie. Die skool kry finansiële baie swaar en ons steun baie sterk op u bydraes.

Die **betalings opsie**-vorms wat verlede jaar saam met die rapporte uit is, moes al 24 Jan. teruggegee het. Stuur dit asseblief terug teen Woensdag, 26 Januarie.

Ouers is volgens die onderwyswet verantwoordelik om skoolgeld te betaal. Aansoek vir kwytstelling van skoolgeld moet so gou as moontlik afgehandel word. Aansoekvorms is by die skool beskikbaar.

9 **MySchoolkaart**

Ons herinner ouers om hulle MySchoolkaart te gebruik. Ons verdien 'n geringe kommissie op alle aankope van persone wat hulle kaart gebruik.

Aansoekvorms vir MySchoolkaart sal binnekort by die skool beskikbaar wees. Ons sal u op hoogte hou.

10 **OUERBETROKKENHEID**

Ouers moet asseblief betrokke raak by die skool se aktiwiteite, asook met hulle kinders se akademiese vordering. Dit is al bewys dat leerders wie se ouers by hul aktiwiteite betrokke is baie beter op skool vaar.

Onthou: “'n Betrokke ouer is 'n ingeligte ouer en 'n ingeligte ouer is 'n gelukkige ouer.”

11 **VOOGSTELSEL**

Aan elke graad 4 leerder wat oorkom na die groot skool word 'n graad 12-voog toegeken. Die doel van die stelsel is om die nuwe leerders vertrou te maak met die Hoërskool, asook om te verseker dat die kleintjies altyd op hulle gemak is en veilig voel.

